

Sondag, 27 Junie 2021
Fokusteks: Markus 5:21-43

Daar was eenmaal 'n baie ryk en voorspoedige man. Iemand wie se lewe egter vanweë tragiese gebeure heel verkeerd geloop het. Hy het oornag al sy rykdom verloor. Die meeste van sy kinders het ook gesterf. Toe het 'n pynlike siekte hom getref, sodat sy liggaam oortrek was met swere. Sy vriende het hom gekry waar hy op 'n ashoop sit en homself met stuk potskerf krap. Sewe dae lank sit hulle by hom sonder om 'n woord te sê. Hy begin toe praat en sê die volgende (Job 3):

3. *"Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is 'n seuntjie het in die wêreld gekom.*
4. *Daardie dag moes net donkerte gewees het; God daarbo moes dit nie eens raakgesien het nie; geen lig moes die dag deurgebreek het nie.*
5. *Donkerte en duisternis moes dit opgeëis het, wolke moes daaroor togetrek het, sonsverduistering moes dit oorval het.*
6. *Die donkerte moes daardie nag ingesluk het, dit moes nooit ingereken gewees het by die dae van die jaar nie, dit moes nooit bygevoeg gewees het by die berekening van die maande nie.*
11. *Waarom het ek nie by my geboorte gesterf nie, net toe ek gebore is, my laaste asem uitgeblaas nie?*

Dit is die verskriklike seer wat Job beleef na al die rampe wat hom getref het. Miskien het jy ook al so gevoel, of ten minste iets daarvan? Dit is wat 'n mens noem - 'n *hoop-lose* situasie. Hoe kan 'n mens geloof en hoop in God behou wanneer jy só seer het? Job se vrou het wel 'n antwoord gereed gehad. Sy het aan Job gesê dat hy maar moet ophou om vroom te wees. Hy moet eerder vir God vervloek, en dan sterf. Dit is al raad wat sy kon gee. Ook sy kon geen lig sien nie. Ook sy kon nie vir God sien nie.

Wanneer 'n mens sulke seerkry beleef, voel dit asof daar 'n gordyn tussen jou en God inbeweeg, met "block-out lining." Die lig kan nie deurskyn nie. Dit bly donker. Jy kyk, en soek, maar God is "uitgeblok."

Dit hoef nie so te eindig nie. Ons fokusteks wil juis hierdie blye boodskap aan elkeen kom gee wat worstel met hoop en geloof in God - daar is altyd hoop! Die twee verhale in Markus 5:21-43 vertel van 'n God wat verstaan, wat omgee, en luister. Eintlik verklaar die twee verhale mekaar, jy kan dit nie los van mekaar lees nie. En die opvallende hierin is twee dinge: Die Here gee altyd vir mense in nood nuwe hoop, en die ander is dat God nie onderskeid maak tussen mense wat in nood verkeer nie.

Jaïrus is 'n baie gesiene en gerespekteerde man, die vrou wat aan bloedvloeiing ly was arm en van die gemeenskap geïsoleer weens haar siektetoestand. Maar albei ervaar geweldige nood. Hul krisis maak dat hulle voor God gelyk is. Albei het Jesus se aanraking nodig, en Hy bring genesing vir albei. Dit maak nie saak wie jy is, wat jou sosiale status of afkoms is nie. Ryk of arm, oud of jonk, geskool of ongeskool, mooi of lelik - God stuur niemand weg wat in nood en seerkry voor Hom staan nie. Jy kan maar kom soos jy is.

Jaïrus was die leier van die sinagoge, 'n gesiene man, sy dogter was sterwend. Hoewel hy 'n man van aansien en eer was, werp hy homself smekend voor Jesus neer. So dikwels kom soek ander by hom raad oor baie dinge, nou moet hy self laag buig voor Jesus om te pleit vir die lewe van sy dogtertjie. Sonder versuim gee Jesus gehoor aan die versoek van die hartverskeurde vader. Op pad na sy huis dring die skare om Jesus saam, dalk uit nuuskierigheid om te sien wat gaan gebeur, dalk uit die soeke na sensasie.

Maar nou gebeur daar 'n iets wat hierdie pa se geloof en geduld beproef. Iemand is besig om in te "tjip." Niemand hou daarvan dat daar voor in die ry ingedruk word nie! Kan die vrou nie maar haar beurt afgag nie? Verstaan sy nie dat 'n dogtertjie se lewe op die spel is nie? Normaalweg sal enige nooddiensterker of

medikus eers aandag gee aan persone wie se toestand krities is, maar hier stop Jesus eers om na 'n vrou te luister wat nie besig is om te sterf soos die dogtertjie nie.

So ontstaan daar 'n oponthoud. Iemand tjipt in met Jaïrus se nood, iemand spring hom voor en trek Jesus se aandag af. Daar is 'n vrou wat hulp soek oor 'n ongelukkige kwaal wat sy het. Sy ly aan bloedvloeïing. Haar liggaamlike funksie werk nie normaal soos dit moet nie, die bloedvloeïing hou nie op nie. Volgens die wet in Lev.15:25 is so 'n vrou onrein vir solank as wat daardie toestand voortduur. Enigiemand wat aan haar raak sal as onrein beskou word.

²⁵. *"As 'n vrou 'n bloedvloeïing het buite haar menstruasietyd of as die bloedvloeïing tydens menstruasie abnormaal lank aanhou, is sy onrein solank die bloedvloeïing duur.*

Hierdie siekte is nou nie lewensbedreigend soos die dogtertjie wat op sterwe lê nie, maar die impak op haar lewe is groot. Die dogtertjie wat baie siek is, is besig om haar lewe te verloor, maar hierdie vrou het in 'n sekere sin haar lewe twaalf jaar vantevore verloor! Let wel, die toestand duur al twaalf jaar lank! Dus, vir twaalf jaar word sy vermy. Sy word 'n eensame mens. Afgesny van haar familie en van die samelewing. 'n Randfiguur. Sy word verwerp deur die mense, want hulle wil nie self onrein word deur haar teenwoordigheid nie. Sy het dus geen aansien meer nie. Verder lees ons dat sy al haar geld spandeer het aan mediese hulp, so boonop sy is arm en hulpbehoewend.

Hierdie vrou maak egter 'n slim plan. Sy gebruik die samedromming van die mense rondom Jesus om tot by Hom te vorder en aan die soom van sy kleed te raak. Haar geloofsverwachting is sodanig dat sy meen selfs al raak sy net aan Jesus, mag daar vir haar hulp kom. So ongemerk, so in die geheim, want sy was skaam vir die verwerping wat sy beleef het. Onmiddellik gebeur daar twee dinge - die vrou kom agter dat sy volkome genees is, en Jesus kom agter dat daar van Hom genesende krag uitgegaan het. Dadelik vra Jesus: *Wie het aan my klere geraak?* Weer kry ons met 2 reaksies te doen. Die dissipels is heel geamuseerd. Hulle verstaan nie Jesus se vraag nie. Van alle kante druk en stamp en stoot mense aan Jesus, so hoe vra Hy dan nou so 'n vraag? Maar hierdie vrou se aanraking was nie blote aanraak nie, dit was 'n geloofsdaad. En dit is wat Jesus laat stop en soek.

Die ander reaksie is dié van die vrou. Sy skrik, sy staan en bewe, so asof sy uitgevang is. Met haar aanraking het sy, volgens die wet, vir Jesus as't ware "onrein" gemaak. Daar bly vir haar net een uitweg, en dis om vanuit haar nood om genade te smeek. Sy val voor Jesus neer en vertel haar hele geskiedenis. Jesus praat nie met haar om haar in verleentheid voor die mense te bring nie, maar om haar *verleentheid* weens die siekte tot 'n *geleentheid* te maak waar sy reddende en genesende krag sigbaar kan word. Niemand word deur Jesus aangeraak en verlos in die geheim nie. Niemand kan 'n geheime kind van die Here wees nie. Jy kan nie in die geheim 'n christelike lewe leef nie. Hierdie vrou se redding is volkome en dis vir almal om te sien. Ons redding en verlossing moet ook in die oopte kom, jy kan dit nie wegsteek nie, jy moet dit deel.

Jesus bestraf haar nie, maar spreek sy waardering oor haar geloof uit. Dit is 'n geloof wat niks van haarself verwag nie, maar alles van Jesus. Jesus genees haar kwaal en skep dus nuwe lewe. Noudat sy gesond is, sal sy weer mag deel wees van haar familiekring en die samelewing. Haar menswees is aan haar teruggegee. So ontvang sy nuwe lewe.

Terug na Jaïrus. Terwyl die vrou vreugde vind, beleef hy louter hel. Hierdie oponthoud het veroorsaak dat Jesus nie betyds by sy huis kon uitkom nie. Die boodskap kom, dit is te laat, sy dogter het gesterf. Alle hoop is nou weg. Die boodskappers versoek Jaïrus om nie langer vir Jesus lastig te val nie. Maar Jesus antwoord met: *Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!* (vers 36). Daar is altyd hoop vir dié wat in Jesus glo. Om sonder Jesus te wees beteken om sonder hoop te lewe.

En weer is daar twee reaksies wat ons sien. Wanneer Jesus verklaar dat die dogter nie dood is nie maar net slaap, word Hy uitgelag. Dis die siniese lag van mense wat nie met die lewegewende krag van God rekening hou nie. Dis mense wat reken dat daar 'n punt kom waar selfs God ook nie meer kan help in jou nood en seerkry nie. Hulle lag sou later verander tot stomme verbasing.

Die ander is die reaksie van die dogter. Jesus roep haar uit die dood. Sy staan op, sy's honger, sy eet sodat mense kan sien sy is regtig vlees en bloed. Sy kan voortgaan met haar lewe as begenadigde van die Here.

So ontvang beide die vrou en dogter weer hul lewens terug. In albei gevalle het Jesus gewys dat Hy die mag het om hoop en lewe te bring in die donkerste tye van mense se lewensomstandighede.

In die gedeelte wat ons gelees het is daar 'n verband tussen jou hoop dat Hy jou kan dra deur enige krisis heen, en jou persoonlike geloof in Hom. Die vraag na hoop is dus ook 'n vraag na geloof! As jy vandag kan sê jy glo in Christus, kan jy ook hoopvol leef vanuit die seker wete dat Hy jou in elke krisis sal troos. Jesus is jou hoop, en as gelowige hoef jy nooit daaraan te twyfel nie!

Teen hierdie tyd is ons al moeg vir die onsekerheid wat Covid 19 gebring het, en nog is dit het einde niet. Baie van ons het al siek geword, sommige ernstig. Baie mense het reeds gesterf. Teen hierdie tyd ken elkeen van ons iemand anders wat die virus gekry het of tans baie siek is. Moontlik is jy een van die mense wat dierbares verloor het. Die troos van die evangelie is dat Jesus jou omstandighede en geskiedenis ken. Hoor die woorde wat Jesus vir daardie raadslid gesê het: *Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!* Jou lewe is aan die dood en opstanding van Jesus vasgebind. Daarom kan jy saam met Paulus sê:

"As ons lewe, leef ons tot eer van die Here;

en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here.

Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here." (Romeine 14:8)

Gebed

O Here, dink aan u beloftes en vervul dit in ons lewe:

Waar ons swak is, gee krag;

waar ons verward is, gee leiding;

waar ons ontsteld is, gee troos;

waar ons dood was, bring lewe.

Weg van U af, o Here, is ons niks.

In en met U, kan ons alle dinge doen.

Mag die genade van Jesus Christus,

die liefde van God, ons Vader,

en die troos van die Heilige Gees, met jou wees.

Amen.